

# Die Kokerboom

'n Kersstorie



**Ukhalakhulu Ibali**

leKrisimesi

Hierdie projek is geborg deur die skrywer self  
en versprei deur die  
Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans.

© Oorspronklike storie: Klavs Skovsholm

© Versuidafrikaans en Afrikaanse vertaling: Danie Botha

© isiXhosa vertaling: Sivuyile Mazantsi

© Illustrasies: Martinus van Tee

Uitleg: Tania Bester

Gedruk en gebind: Hansa Digital & Litho Printing (Pty) Ltd

Projekbestuur: Xavier Nagel Agencies




**Dink net hoe ver ek sou geloop het as ek selfs so vinnig soos 'n skilpad was! Ha! Ons weet mos almal ou Skillie is maar stadig, of hoe? Maar nee, ek is 'n kokerboom, en kokerbome kan maar net op een plek bly staan en groei. Ons raak baie oud en leef langer as almal om ons.**

Khawufane ucinge ngendihambe kangakanani ukuba bendikhawuleza njengofudo! Siyazi sonke uFudwazana uyacotha, okanye kanjani? Hayi khona, ndingukhalakhulu, kwaye thina bookhalakhulu sima nje kwindawo enye kwaye sikhule. Sikhula sibe badala kwaye siphile ubomi obude kunabo sihlala nabo.

**Ek voel baie gelukkig waar ek staan. Saadjies het hier geval en myne het opgekom en mooi begin groei. Al is die grond hier rondom my baie klipperig en hard, het my wortels mooi vatplek**





gekry en staan ek stewig in die veld. Die son skyn lekker warm op my takke en blare, en die wind pla my nie eintlik nie. Ek sien elke dag hoe die meerkaaie stil regop staan en na die veld kyk. Dan hardloop hulle rond en gaan vang goggas vir hulle babas.

Ndiziva ndinethamsanqa apho ndime khona. Imbewu yawela apha kwaye eyam yaqala apha ukukhula. Nakubeni lo mhlaba ndikuwo unamatye kwaye uqinile, iingcambu zam ziye zamila kakuhle kwaye ndime nqo apha emhlabeni. Ilanga ligqatsa kamnandi apha kumasebe namagqabi am, kwaye nomoya awundihluphi tu kwaphela. Yonke imihla ndiye ndibone amagala emile yaye ebuka ithafa. Uwabone ke ebaleka ejikeleza kwaye ahambe ayokubambela abantwana babo iirhorho.



**Lank, lank gelede, toe ek sommer nog 'n klein ou boompie was, het iets gebeur wat ek nooit sal vergeet nie. Ek was nog nie eens tien jaar oud nie. Daar het 'n springbok by my kom staan en sy horings teen my jong stam geskuur. Hy het so hard geskuur dat my dun stam amper gebreek het! Gelukkig het dit nie heeltemal afgebreek nie. My kop met my mooi blare het nou skeef gesit op my stam. Gelukkig het ek baie krag en reën gekry en weer sterk en mooi geword. Bo my seer stam het my blare weer mooi geword en die son het lekker op my geskyn.**

Kudala, kudala kakhulu, kukho into eyenzekayo endingasoze ndiyilibale. Ndandisemncinci ngoko. Ndingumthana. Ndandingenayo neminyaka elishumi. Kwafika isitsiba-bhokhwe sama ecaleni kwam. Sakhuhla lo mzinjana wam umncinci ngeempondo zayo. Sakhuhla kakhulu kwaba ngathi lo mzinjana



wam uzakophuka! Ngethamsanqa, awuzange wophuke wonke. Intloko yam namagqabi ayo amahle yahlala goso apha kumzimba wam. Ndaba nentlahla yokufumana amandla nemvula. Oko kwandenza ndomelela kwaye ndamhle. Amagqabi aphinda akhula kakuhle apha phezu kwesiqu sama yaye nelanga landigqatsa kamnandi.

**Ek het groot geword en was later die grootste kokerboom van almal in die veld. Ek en al die ander kokerbome groei baie stadig. 'n Snaakse ding het gebeur. Toe die skool gesluit het vir die lang vakansie die einde van die jaar, het daar mense gekom en die kokerbome langs my uitgehaal en weggevat! Hulle het weer die volgende jaar klein kokerboompies op daardie plek kom plant. Mense is darem snaaks!**

Ndiye ndakhula kwaye apha ethafeni hi yenzeka. Ngethuba izikolo zazivalelwe



iholide ende yokuphela konyaka, kwafika abantu bancothula ookhalakhulu abasecaleni kwam. Bahamba nabo. Baphinda kwakhona kunyaka olandelayo bafika bezokutyala ookhalakhulu abancinci kwalapha ecaleni kwam. Kowu, abantu bayothusa!

**Die klein boompies is baie vriendelik en gelukkig in die veld. Hulle hou daarvan dat daar so baie van ons is en hulle dink ons is 'n groot bos vol kokerbome. Ons is amper 'n digte woud, so baie is ons. Ek vertel graag vir hulle stories van lank, lank gelede toe ek nog jonk was. Ai, soms wens ek daar was ander ou bome soos ek. Dan sou ons ook lekker gesels het.**

Le mithi mincinci ihleli kamnandi apha ethafeni. Iyayithanda le nto sibaninzi apha kwaye icinga ukuba silihlathi elikhulu eligcwele ookhalakhulu. Siphantse salihlathi elishinyeneyo,



sibaninzi. Le mithana ndiyibalisela ngamabali enzekayo kudala ngethuba ndandimncinci. Kowu, ngamanye amaxesha ndiye ndibawele kuthi kanti ibikhona eminye imithi emidala efana nam. Hayi ke, sitsho sikwazi ukuncokola kamnandi.

**Hulle dink my blare is die heel mooiste van al die kokerbome. Maar party wil weet van die lelike merk op my stam. Dan vertel ek vir hulle van die springbok wat my stam so seer maak het. Daar kom ook mense veld toe. Hulle wys na my toe. Ek kan sien hulle dink my blare is mooi. Dit maak my bly en trots. Dan skud hulle hulle koppe en haal van die ander kokerbome uit en dra hulle weg.**

Le mithana icinga amagqabi am ngawona mahle kunabo bonke ookhalakhulu. Kodwa eminye iye indibuze ngolu phawu lubi apha



kum emzimbeni. Ndiye ndiyibalisele ngesitsiba-bhokhwe esathi sandikhuhla kabuhlungu apha emzimbeni ngeempondo. Abantu bayeza apha ethafeni kwaye bakhombisane ngam. Ndiyabona bacinga mahle amagqabi am. Lo nto indenza ndivuye yaye ndizidle. Baye banikine iintloko zabo yaye bancothule abanye ookhalakhulu kwaye bahambe nabo.

**Ek wonder wat gebeur met daardie bome. Ek het al vir die diere gevra. Die mossies vlieg baie rond en hulle vertel my wat hulle sien. Hulle vertel die mense wat die kokerbome na hulle huise in die dorp toe. Wat is huise? En 'n dorp? Die mense woon seker in iets wat lyk soos grotte wat van klippe en sand gebou word. Ek dink so.**

Ndiye ndizibuze kwenzeka ntoni kule mithi ithathwayo. Ndizibuze zonke izilwanyana. Oongqabe ziintaka



ezithanda ukubhabha kakhulu kwaye bayandixelesa ngezinto abazibonayo. Bathi abantu bathatha ookhalakhulu babase ezindlwini zabo ezidolophini. Yintoni indlu? Yintoni idolophu? Ndiqinisekile abantu bahlala kwizinto ezifana nemiqolomba ezakhiwe ngamatye nesanti. Ndicinga njalo.

**Ek het vir Piet Skeer gevra toe hulle span die skape se wol kom afsny het. Ons ken mekaar al lank en Piet stap soms in die veld as hy klaar vir die boer gewerk het. Hy hou baie van die veld en die diere en die bome. Ek weet hy werk ook aan die mense se huise in die dorp en verf hulle mooi kleure. As ek vra wat van die bome word, bly Piet stil. Hy stap net weg. Hy sê net die dorpsmense is snaaks.**

Ndimbuzile utata uTshawe ngethuba ebezile apha neqela lakhe bezokucheba uboya begusha. Kudala sisazana kwaye





utata uTshawe uyathanda ukuhambahamba apha ethafeni xa egqibile ukusebenza nomlimi. Uyalithanda kakhulu ithafa nezilwanyana kwakunye nemithi. Ndiyazi uyasebenza ezindlwini zabantu edolophini yaye aziqabe ngeepayinti ezinemibala emihle. Xa ndimbuza kwenzeka ntoni kule mithi, utata uTshawe uthula athi cwaka. Uvela nje ahambe. Uthi abantu basezidolophini bayothusa.

**Al wil hy niks sê nie, is ons nog steeds vriende. Dis soos met die meerkaaie. Ek dink ook aan hulle as my maats as hulle so rondom my hardloop en mekaar jaag en speel. Hulle maak my eintlik moeg soos hulle aangaan! Dan is ek bly as hulle weer gaan speel, want dan is dit stil en kan ek rus.**

Nakubeni engafuni ukuthetha nto nje, asiyekanga ukuba ngabahlobo abakhulu. Nqwa nobu buhlobo ndinabo namagala.



Ndiwabona engabahlobo bam xa esoloko ebaleka, edlala kwaye eleqana apha ecaleni kwam. Yho, aye andenze ndidinwe njengokuba esenza yonke le ndlalo! Ndiye ndivuye xa ephinde ahamba aya kudlala ngoba kushiyeke kuthe cwaka yaye ndibenako ukuphumla.

**Hier waar ek staan, sien ek so baie kokerbome. Daar is 'n ou boom naby my met baie blare, maar hy is al swak. 'n Storm het 'n paar van sy takke gebreek en sy blare seergemaak. Nou lyk hy nie meer so mooi nie. Die mossies en ander voëls kom sit op hom en pik sy blare. Hulle raas ook baie. Dit maak my baie hartseer om te sien hoe die ou boom lyk.**

Apho ndime khona, ndibona ookhala-khulu abaninzi. Kukho umthi omdala apha ecaleni kwam onamagqabi amahle, kodwa ke sowuphelelwa ngamandla. Isichotho sophula amasebe awo kwaye



sonzakalisa namagqabi awo. Oongqabe nezinye iintaka bahlala phezu kwawo bemana benqola amagqabi awo. Benza ingxolo enkulu. Kuyenza ibe buhlungu intliziyo yam xa ndibona ujongeka njani lo mthi umdala.



**En dan gebeur daar iets baie erg. Dit reën baie in die nag en my wortels kom los uit die grond! Dit voel soos lank gelede toe die aarde gebewe het en almal baie bang geraak het. Ek gly en val. My kop met sy blare lê nou teen die grond en my wortels is in die lug. Dit lyk seker snaaks. Ek kan glad nie beweeg nie. Ek is bang, net so bang soos toe die springbok my stam seergemaak het toe ek nog so jonk was. So moet ek die hele nag lê.**

Kwaye kwenzeka into embi. Imvula ina kakhulu ebusuku kwaye iingcambu zam zaphuma emhlabeni! Nakuqala





ndakhe ndaziva ndinje. Kwakuleliya ixesha apho umhlaba wawushukuma yaye sonke soyika. Ndiyatyibilika ndiwe. Intloko yam kunye namagqabi ayo iwela emhlabeni. Iingcambu zam zijonge phezulu emoyeni. Oku kujongeka ngendlela engaqhelekanga. Andikwazi nokushukuma. Ndiyoyika, njengakuqala ngethuba ndihlatywa sisitsiba-bhokhwe emzimbeni. Ndandimncinci ngoko. Ngoku kufuneka ndilale ngolu hlobo ubusuku bonke.

**Maar dan raak ek rustig. Ek weet die aarde sal na my kyk. Wanneer die son opkom, kyk ek rond en ek wonder of ek nou altyd skeef sal groei omdat ek so lelik geval het. Ek wil eintlik regop staan, maar dalk moet ek weet van nou af sal ek skeef groei.**

Kodwa ke ngoku ndiziva ndipholile. Ndiyazi ukuba umhlaba uza kundihoya. Xa liphumayo ilanga, ndiyabheka-bheka



kwaye ndiyazibuza ukuba ndizakukhula ndigoso na ngoba ndiwe kakubi. Ndifuna ukuma nkqo, kodwa kufuneka ndazi ukuba ukusukela ngoku ndiza kukhula ndigoso.

**En dan sien ek twee van die mense wat altyd die kokerbome kom uithaal en wegvat. Nou voel ek beter, want ek dink hulle gaan my kom help om weer regop te staan. Ek sien hulle het een van die goed wat so raas as hulle die bome se stamme kom afsny om ons weg te vat dorp toe.**

Ngoku ndibona abantu ababini abasoloko besiza apha abafika bancothule ookhalakhulu bahambe nabo. Ndiziva ndingcono ke ngoku ngoba ndicinga baza kundince-da ndikwazi ukuphinda ndime nkqo. Ndibabona ngoku bekhupha enye yeza zinto zingxolayo xa beshunqula iziqu zemithi ukuze basithathe basise edolophini.



**Hulle kyk na my mooi blare en sê dan ek kan nie so in die pad lê nie. Hulle sal my moet wegvat. En dan vat hulle daardie ding wat so raas en sny my in twee stukke net bo die ou seerplek. Ek het nou nie meer my wortels nie! Dit voel baie snaaks. Dis die eerste keer dat ek nie wortels het nie. Dit voel nou of ek nie meer so goed asemhaal nie.**

Bajonga amagqabi am amahle kwaye bathi andinako ukulala ngoluhlobo endleleni. Kuza kufuneka bandithathe. Nako bekhupha la nto ingxola kakhulu yaye basika isiqu sam kubini kanye apha phezu kwale ndawo yayibuhlungu kudala. Andisenazo iingcambu ngoku! Ayiqhelekanga tu le nto. Ndiyaqala ukungabinazo iingcambu. Kuvala ngathi andisaphefumli nakakuhle.

**Dan dra hulle my weg. Ek dink hulle dra swaar omdat ek so 'n groot kop en baie blare het. Ek kyk rond soos hulle**



**my dra en nou sien ek vir die eerste keer ook die bos en die ander kokerbome. Ons is baie. Dan kom ons by die einde van die bos waar ons kokerbome groei. Nou is daar net gras. Hulle dra my na 'n snaakse plek wat van klip en hout gemaak is. Ek weet sommer dit is een van die dorp se huise! Maar ek was nog nie in 'n huis nie. Dit is die eerste keer. Vir my is dit soos 'n grot.**

Bahamba nam. Ndiyacinga bayasindwa ngoba ndinentloko enkulu namagqabi amaninzi. Ndiyajonga-jonga njengokuba behamba nam nje kwaye kokokuqala ndibona ihlathi nabanye ookhalakhulu. Sibaninzi. Sifike ekupheleni kwehlathi apho bakhula khona ookhalakhulu. Ngoku kukho nje ingca. Bandisa kwindawo engaqhelekanga eyenzwe ngamatye neenkuni. Ndiyazi ukuba le yenye yezindlu zasedolophini! Kodwa andilindi endlini. Ndiyaqala ngqa ukuyibona le ndawo. Ifana nomqolomba.





Hulle dra my in en nou is daar baie minder lig as buite in die veld. Hulle druk my stam in iets wat my regop hou. Daar kom meer mense na my kyk. Almal lyk bly om my te sien. Ek verstaan hulle nie eintlik nie. Hulle praat vinnig en baie. Hulle raas en lag. Hulle maak sulke snaakse goed aan my takke vas. Dit lyk soos rooi en goue vrugte wat ek nie ken nie. Dit is nogal vir my mooi. Hulle maak ook nog ander goed aan my takke vas, maar ek weet nie wat dit is nie. Dan gaan almal uit en los my net so alleen in die donker plek. Maar ek hoor hoe hulle in 'n ander deel van die grot raas. Ek hoor die stemme van kinders wat bly klink. So staan ek lank alleen.

Bayandithatha bandifake ngaphakathi.  
Kukhanya kancinci kunaphaya phandle  
ethafeni. Isiqu sam basityhalela kwinto  
esigcina sime nkqo. Kufika abantu  
abaninzi bezondijonga. Bonke bavuyela  
ukundibona. Andibava bathini. Bathetha



msinyane nakakhulu. Bayangxola bahleke nokuhleka. Babophelela izinto ezingaqhelekanga kumasebe am. Ikhangeleka le nto njengeziqhamo ezibomvu nezigolide endingazaziyo. Oku kuhle kum. Bayaphinda babophelele ezinye izinto kumasebe am, kodwa andiyazi le nto yintoni na.

Bonke bayaphuma yaye bandishiya ndodwa kule ndawo imnyama. Kodwa ndiyayiva ingxolo abayenzayo kwelinye icala lomqolomba. Ndiyaweve namazwi wabantwana ankentezayo. Ndime ndodwa apha ixesha elide.

**Dan kom een van die mense saggies in en ek sien lig, maar dan maak hy weer die grot toe. Hy kom staan by my en doen iets vinnig met sy hand. Nou is daar 'n klein liggie in sy hand. Dit lyk soos 'n vlam. Bome hou nie van vlamme en vuur nie. Gaan hy my aan die brand steek? Ek raak nou baie bang en ek ruk van die skrik, want hy steek**



**nou sulke klein wit goedjies wat aan my takke sit aan die brand. Al die blink goed wat aan my hang, blink nou baie helder in die lig. Ek staan stil, want ek is bang ek gaan vanself aan die brand slaan as ek beweeg. Al die klein vlamme maak my bang.**

Ngoku kungena ngaphakathi omnye waba bantu ngokuthuleyo yaye ndibone ukukhanya, kodwa aphinde avale umqolomba. Uma apha ecaleni kwam kwaye enze into msinyane ngezandla zakhe. Ngoku kukho ukukhanya okuncinci ezandleni zakhe. Kujongeka njengedangatya. Imithi ayidibani namadangatya nemililo. Ingaba uza kunditshisa? Ndoyika kakhulu ke ngoku yaye ndiyaxhuzula kukoyiko, ngoba ngoku ufaka izinto ezincinci ezimhlophe ezivuthayo kumasebe am. Zonke ezi zinto zimenyezelayo zijinga apha kum zikhazimla ngakumbi ekukhanyeni. Ndimile ndithe cwaka ngoba ndiyayazi



ukuba ndishukumile ndiza kuzitshisa.  
Onke la madangatya mancinci  
ayandoyikisa.

**Dan maak die mense die grot weer oop  
en die lig kom in. Daar kom ook baie  
kinders in die grot in. Hulle kom staan  
in 'n kring om my.**

Ngoku abantu bavula umqolomba kwaye  
nokukhanya kuyangena ngaphakathi.  
Kungena nabantwana abaninzi apha  
emqolombeni. Bayandirhangqa.

**Ek kan sien hoe bly die kinders is oor  
my. Nou is ek ook bly en ek voel hoe my  
stam en takke sommer weer nuwe lewe  
kry. Dit is nou vir my of ek blink soos 'n  
ster in die veld vir hulle skyn. Al kan die  
kinders en grootmense dit nie sien nie,  
sien ek nou iets baie mooi. Daar is nou  
oral engeltjies in die plek. Hulle vat aan  
die kinders en grootmense se hande**



**en almal sing saam soos hulle om my  
stap. Hulle kyk die hele tyd vir my.**

Ndiyabona uhlobo abandivuyela ngalo  
abantwana. Nam ndiyavuya yaye ndiyava  
ukuba isiqu sam namasebe am afumene  
ubomi obutsha kwakhona. Ingathi ngoku  
ndiyinkwenkwezi ebakhazimlelayo  
ethafeni. Nakubeni abantwana nabantu  
abadala bengayiboni nje le nto, ndibona  
into entle kakhulu. Ngoku sekukho  
iingelosana kuyo yonke le ndawo.  
Zibamba izandla zabantwana nezabantu  
abadala kwaye bonke bayacula  
njengokuba bendijikeleza. Lonke ixesha  
bakhangela mna.





**Dan gee almal vir mekaar 'n  
stywe drukkie en sê vrolik en bly  
GESEËNDE KERSFEES!**

Bonke bayangana kakhulu kwaye  
ngokonwabileyo bathi  
IKRISMESI ESIKELELEKILEYO!

**Ek vra vir een van die engeltjies wat  
nou aangaan.**

Ndibuza enye yezingelosana kuqhubeka  
ntoni.

**Die engeltjie sê DIT IS KERSFEES,  
en ons is almal bly daaroor.**

Le ngelosana ithi YIKRISMESI,  
yaye sonke siyayivuyela.

**GESEËNDE KERSFEES!**

IKRISMESI ESIKELELEKILEYO!





TygerBurger, Bloemhof Gebou, 3de Verdieping,  
Edwardstraat 112, Tygervallei 7530

Tel: 021 910 6618  
Faks: 086 457 3498

[www.sbafrikaans.co.za](http://www.sbafrikaans.co.za)  
[@sbafrikaans](https://www.instagram.com/sbafrikaans)